## Die Fondasie van Neo-Spektrum:

Hier ontmoet ons 'n God wat LEWE en LIEFDE is
Hier erken ons dat die KRAG wat in ons is nie van ons is nie
Hier laat ons 'n GELOOFWAARDIGE stem hoor
Hier word alle mense MENSWAARDIG behandel
Hier is ruimte vir ANDERSDENKENDES
Hier gee 'n wysheidsirkel aan elkeen 'n STEM
Hier is geen VERWYDERING of VEROORDELING nie

### KONTAKBESONDERHEDE


Terblanche Jordaan
Tel: 083.460.45.45
**terblanche1@telkomsa.net**

**Webblad:** www.neo-spektrum.com
**Facebook:** Neo-Spektrum
**Leierspan:** dksmith1000@gmail.com


**ACIM: Stad: 5 Februarie 19h30**

**Kolping: 15 Februarie 19h30**

*9am Sondae 'Centering Prayer'*

**Boekgroep**
**Maandag 5 Februarie 19h00**
lydia@africagrowth.com
**Marseille 15, Pinehurst**

### BESONDERHEDE VIR EPOS NUUSBRIEF EN SMS TEMA

Naam en Van

___________________________________________

E-Mail___________________________________ Sel____________________

### ADRES: 7 BICCARD STR. DURBANVILLE

Vanaf N1 — Durbanweg/Willie van Schoor afrit, reguit ± 8km tot by sirkel, uit in Koebergweg, tweede straat regs is:

**Maak vir ons 'n Maandelikse Bydrae asseblief**

**Bankrekening vir bydraes**
**ABSA: Neo-Spektrum**
Takkode: **632005**
Rekening: **4083481065**
*Vorms is ook beskikbaar indien jy 'n **debietorder** wil teken*

**SnapScan**
Download APP vir jou foon. Installeer en gebruik met veiligheid.



# Neo-Spektrum

## 4 Februarie 2018

## ~ WARE IDENTITEIT ~

### GEBED: GEFOKUSDE INTENSIE

## STILTE IN DIE KAPEL

~ Dante's Prayer — Loreena McKennit ~

## IN DIE TEENWOORDIGHEID VAN GOD

Dear God,

I so much want to be in control.

I want to be the master of my own destiny.

Still I know that you are saying:

"Let me take you by the hand and lead you.

**Accept my love**

**and trust that where I will bring you,**

the deepest desires of you heart will be fulfilled."

Lord, open my hands to receive your gift of love.

Amen.

— Henri Nouwen —

## STILTE VAN BINNE

## — Prayer: Gateway to Spiritual Power —

*"Dít verseker Ek julle: Wie in My glo, sal ook die dinge doen wat Ek doen; en hy sal nog groter dinge as dit doen, omdat Ek na die Vader toe gaan. Wat julle ook al in my Naam vra, sal Ek doen, sodat die Vader deur die Seun verheerlik kan word. As julle My iets in my Naam vra, sal Ek dit doen."* **(Johannes 14:12-14)**

*"Vra, en vir julle sal gegee word; soek, en jul sal kry; klop, en vir jul sal oopgemaak word, want elkeen wat vra, ontvang; en elkeen wat soek, kry; en vir elkeen wat klop, sal oopgemaak word."* **(Matteus 7:7-8)**

---

## — Prayer: Bridge to Spiritual Responsibility —

*"Waar kom die stryd vandaan, waar kom die rusies onder julle vandaan? Kom dit nie van julle selfsugtige begeertes wat gedurig binne-in julle woed nie? Julle wil dinge hê, maar kry dit nie en wil dan moord pleeg; julle is jaloers op 'n ander man se goed en kan dit nie in die hande kry nie en dan maak julle rusie en baklei. Julle kry nie, omdat julle nie bid nie. As julle bid, ontvang jul nie, omdat julle verkeerd bid: julle wil net julle selfsugtige begeertes bevredig."* **(Jakobus 4:1-3)**

*"Julle het My nie uitgekies nie, maar Ek het julle uitgekies en julle aangestel om uit te gaan en vrugte te dra, vrugte wat sal hou. So sal die Vader aan julle gee wat julle ook al in my Naam vra. Dit beveel Ek julle: Julle moet mekaar liefhê!"* **(Johannes 15:16-17)**

---

## — Prayer: Portal to Spiritual Intentions —

*"Wees altyd bly. Bid gedurig. Wees in alle omstandighede **dankbaar**, want dit is wat God in Christus Jesus van julle verwag."* **(1 Tessalonisense 5:16-18)**

*"Wees altyd bly in die Here! Ek herhaal: Wees bly! Wees inskiklik teenoor alle mense. Die Here is naby. Moet oor niks besorg wees nie, maar maak in als julle begeertes deur gebed en smeking en met **danksegging** aan God bekend. En die vrede van God wat alle verstand te bowe gaan, sal oor julle harte en gedagtes die wag hou in Christus Jesus.* **(Filippense 4:4-7)**

---

## — Prayer: Entrance to Spiritual Dimensions —

*"As jy deur water moet gaan, is Ek by jou, deur riviere, hulle sal jou nie wegspoel nie; as jy deur vuur moet gaan, sal dit jou nie skroei nie, die vlamme sal jou nie brand nie"* **(Jesaja 43:2)**

*"Hiervan is ek oortuig: geen dood of lewe of engele of magte of teenswoordige of toekomstige dinge of kragte of hoogte of diepte of enigiets anders in die skepping kan ons van die liefde van God skei nie, die liefde wat daar is in Christus Jesus ons Here."* **(Romeine 8:38-39)**



# GIVING TRANSFORMS HAVING INTO BEING



~ STELLIFY — FEDERICO ALBANESE ~

Ons Vader wat in die Hemel is,
Hemel wat in en om ons is.

Laat U naam geheilig word
Die naam: 'Ek is wie ek Is'

Laat U koninkryk kom
In ons handel en wandel.

Laat U wil geskied
Deur ons aksies en reaksies.

Gee ons vandag ons daaglikse brood,
Brood van ons eenheid met mekaar.

En lei ons wanneer ons in versoeking kom
Sodat ons nie ons doel mis nie.

En leer ons om te vergewe
Want vergiffenis maak ons vry van ego-denke.

Aan U kom toe die krag en die heerlikheid.
Ons aanbidding en verwondering
Van vandag af tot in alle ewigheid.

AMEN

# Be the Awareness Of the Presence of God

~ AANDGESANG — CHRIS LAMPRECHT ~